# PiNKSTER

## HUISGELOOF



**Ons vier tradisioneel Pinkster vanaf Hemelvaart (40 dae na Paasfees) vir 10 dae tot Pinksterfees (50 dae na Paasfees).** Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## WAG ViR DiE GEES
## HAND 1:6-14

### OMGEE

Wat weet jy van die Artemis II ruimtereis om die maan in April 2026? Vertel vir mekaar meer daarvan. Die bemanning moes wag, voorberei en toegerus word voordat hulle vertrek het op hulle ruimtereis.
Net so moes die dissipels wag vir die Heilige Gees.
Moes jy al ooit wag of bid vir iets groot? Vertel meer.

### GESELS

**Lees: Handelinge 1:9-14**

- Wat was Jesus se opdrag gewees?
- Hoekom moes die dissipels wag?
- Hoe dink jy het dit gevoel vir hulle om te wag?
- Wat beteken dit dat hulle "eensgesind gebid" het?
- Hoe verander ons as ons bid en wag vir iets?
- Waarvoor kan julle bid en vertrou?

### DOEN

Kyk 'n video van Artemis II.
Die vuur aan die agterkant van die vuurpul herinner ons aan die Heilige Gees se vuur wat ons krag gee om te getuig.
Volg hierdie skakel en maak 'n ruimtetuig:
www.dinkjeug.co.za/vuurpyl-gestuur-deur-die-gees/

### BID

Laai die bidblokkie se templaat af en bid saam:
www.dinkjeug.co.za/bidblokkie-gestuur-deur-die-gees/

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: